# OMSTREDENHEID OOR DIE ONTWIKKELING VAN KULTURELE ERFENISTOERISME: DIE DISKOERS GEDURENDE DIE AFGELOPE TWEE DEKADES

**Marthinus Jordaan en Leo Barnard***

***Summary***

*This article discusses the discourse about cultural hertitage tourism, both within and outside of South Africa's borders. The various opinions that are currently held about what cultural heritage tourism is, form part of the current debate.*

*As the discourse about cultural heritage became more heated, this facet of tourism was included as the interest of the public in cultural heritage came to the fore.*

*The article indicates the wide spectrum of opinions that exist regarding cultural heritage tourism. As is clearly indicated in research, the subject is in its infancy. One positive point is that the South African authorities are becoming more involved in the implementation of and discussions surrounding cultural heritage tourism.*

---

Die nuwe gonswoord in die Suid-Afrikaanse samelewing is toerisme. Alle Suid-Afrikaners word elke dag hiermee oordonder. Die lewendige diskoerse wat tans oor die onderwerp gevoer word, dui op die omstredenheid rondom die kulturele been van erfenistoerisme. Dit is van die uiterste belang dat daar kennis geneem word van die huidige debat wat op die mediumtermyn verreikende gevolge vir die Suid-Afrikaanse politiek sal inhou.

Die begrip *kulturele eiendom* is 'n term wat die Verenigde Volkere Organisasie (VVO) in 1987 aanvaar het. Met *kulturele eiendom* bedoel hulle argeologiese, paleontologiese, historiese, godsdienstige en eiesoortige natuurlike omgewing. Dit behels enige oorblyfsels wat vorige geslagte nagelaat het, sowel as eiesoortige natuurlike omgewingseienskappe. Die Wêreldbank glo dat die verskillende nasies en lande die beste gedien kan word deur hulle te help om hulle kulturele eiendom-

* Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat. E-posadresse: barnards.hum@mail.uovs.ac.za; navorsing@mjsjordaan.co.za.

me te bewaar en, waar moontlik, die bewaring in so mate toe te pas dat daar ook ekonomiese voordele vir die onderskeie lande kan wees.[1]

Die Wêreldbank gaan voort om hulle begrip van *kulturele eiendom* in twee hoofgroepe in te deel, naamlik tasbare en onaantasbare kulturele eiendom, en argeologiese, historiese, godsdienstige en natuurlike verskynsels.

*Onaantasbare kulturele eiendom* groepeer hulle as tale, gewoontes en godsdiens. Die *tasbare* gedeelte verdeel hulle weer in twee groepe, naamlik roerende en onroerende kulturele eiendom. Roerende eiendom sluit byvoorbeeld fossiele, antiekware en voorwerpe in wat tydens opgrawings bekom word. *Onroerende kulturele eiendom* is aspekte soos slagvelde, tuine, stede, dorpe, grotte, watervalle, vulkane en godsdienstige fonteine.[2]

Die tweede groep onderskei hulle soos volg: *argeologiese* aspekte, veral voor die tydperk waarin daar geskryf is. *Historiese* aspekte sluit in slagvelde, dorpe en geboue, veral ná die ontdekking van skrif. *Godsdienstige* erfenis is heilige plekke van stamme, tempels, begraafplase en waterputte. *Natuurlike* verskynsels word op sy beurt weer in drie groepe verdeel, naamlik geografies, paleontologies en ekologies. *Geografiese* aspekte sluit in grotte, watervalle, gletsers en vulkane. Fossiele word onder paleontologiese aspekte gegroepeer en is ekologies eiesoortige of ongerepte natuurgebiede vanuit 'n plante- of diererykoogpunt. [3]

Daar is reeds in 1987 na die genealogie verwys as 'n dissipline wat gedurende die 19de en 20ste eeue geleidelik sy sosiale betrokkenheid ingeboet het en gevolglik sy status verplaas het na dié van 'n hulpwetenskap van die geskiedenis. Louw verduidelik dat genealogie as hulpwetenskap van die geskiedenis uiteraard 'n belangrike rol in die kultuurgeskiedenis speel. Daar word gereeld na genealogie terugverwys om gebeurtenisse en verskynsels in die geskiedenis te verduidelik.[4] Hy beklemtoon twee dimensies wat vir die genealoog, historikus en kultuurhistorikus van belang is. Eerstens word aan elke geslag sy spesifieke kenmerke toegedeel op grond van die inwerking van oorgelewerde biologiese, juridiese en kulturele komponente binne familie- of gesinsverband. Tweedens, wanneer historiese ontwikkelinge en prosesse verklaar word, moet daar ook aandag aan die opeenvolging van geslagte geskenk word.[5]

1 R Goodland en M Webb, **The management of cultural property in World Bank-assisted projects: archaelogical, historical, religious and natural unique sites** (Washington, 1987), p. III.
2 **Ibid**., p. 4.
3 **Ibid**.
4 JP Louw, "Genealogie en familiegeskiedenis", **Die Kultuurhistorikus**, Oktober 1987, p. 58.
5 **Ibid**., p. 63.

Gedurende 1989 identifiseer en erken Groot-Brittanje die feit dat erfenistoerisme toenemend 'n rol in hulle toerismebedryf begin speel. Hulle beskryf landskap, argeologiese terreine, historiese geboue en museums as erfenis-items. Hulle besluit ook dat hulle vanuit 'n bewaringstandpunt hulle benadering sal moet aanpas na 'n benadering van groter bestuursgeoriënteerdheid, wat die interpretasie van hulle erfenisskatte vir die besoekers moontlik maak. Tydens hierdie artikelbespreking kry ons ook die eerste verwysing na massatoerisme. Die Britse museumdienste het dus 'n voorgevoel gehad ten opsigte van die groei in hulle erfenistoerisme. Net soos Ferreira reeds in 1987 aangedui het dat Suid-Afrikaners al hoe meer bewus raak van hul historiese agtergrond, het Cossons dieselfde mening van die Britse bevolking in 1989 gehuldig.[6] Cossons gaan 'n stap verder en beveel aan dat daar na die finansiële hulpbronne en wetgewing van Groot-Brittanje gekyk moet word om gereed te wees vir die toekomstige toename in druk op die erfenis-instellinge in Brittanje.[7]

Millar, 'n Britse akademikus, beskryf in 1989 haar *erfenis* as die natuurlike, kulturele en beboude omgewing van 'n gebied.[8] In aansluiting by Cossons sê sy dat weens bevolkings se groeiende besteebare inkomste en vervoermetodes, wat dit makliker en vinniger gaan maak om afgeleë gebiede te besoek, die uitdaging ten opsigte van erfenistoerisme vierkantig voor die deur geplaas word van diegene wat betrokke is by die bestuur van toekomstige erfenistoerisme-terreine. Hierdeur waarsku sy die owerhede en die betrokke gemeenskappe dat erfenishulpbronne onvervangbaar is, en dat dit dus nie swak bestuur moet word en gevolglik nie die toeris se behoeftes aanspreek nie. Dit is dus nie vreemd dat sy, soos Cossons, ook verwys na die verskynsel van *massatoerisme* nie.

Millar beklemtoon die feit dat erfenisterreine meerdoelig is en dus 'n wye verskeidenheid besienswaardighede bied. Dit bring mee dat daar aandag aan die vier veranderlike faktore gegee moet word tydens die beplanning van die bestuur van 'n erfenisterrein wat vir toeriste toeganklik gemaak word. Die vier veranderlike faktore word verteenwoordig deur die toeriste-aantreklikheid self, gemeenskaps-betrokkenheid, formele en informele opleiding ten opsigte van die erfenis-aantreklikheid en die ekonomiese herlewing van die gebied.[9]

6 **Ibid**.
7 N Cossons, "Heritage tourism trends and tribulations", **Tourism management**, September 1989, pp. 192-4; OJO Ferreira, "Die kultuurhistorikus en die gemeenskap", **Die Kultuurhistorikus**, Oktober 1987, pp. 8-9.
8 S Millar, "Heritage management for heritage tourism", **Tourism Management**, Maart 1989, pp. 9-13.
9 **Ibid**.

Hall verwys na twee verwante vorme van kultuurtoerisme. Die eerste een is kunstoerisme en die tweede erfenistoerisme. Albei bied komponente van kultuurtoerisme aan. Van erfenistoerisme sê Hall dat dit gegrond is op die nostalgie van die verlede, tesame met die behoefte dat 'n verskeidenheid kulturele ervaringe opgedoen word. Hy beskryf *erfenis* verder as kulturele tradisies, ingeslote artefakte. Hy kom tot die gevolgtrekking dat erfenistoerisme die volgende insluit: kulturele tradisies soos familiegewoontes, godsdienstige gewoontes, volksdanse, die kunste, etno-historiese fasette, sosiale gewoontes en kulturele feeste.[10]

In die tweede publikasie wat in 1992 verskyn het, word daar meer breedvoerig ondersoek ingestel na die onderskeid, indien enige, tussen kultuurtoerisme, erfenistoerisme en kulturele erfenistoerisme. Net soos in Hall se geval, bespreek en betrek McCarthy die verwante vorm van kunstoerisme. Sy voel egter dat kunstoerisme 'n besliste rol in kulturele erfenistoerisme speel.[11]

Sy erken dat daar nie duidelikheid bestaan oor wat *kulturele toerisme* en *erfenistoerisme* is nie. Tot nou toe is beweer dat besoeke aan monumente en terreine kulturele toerisme is. Sommige mense verwys egter hierna as *erfenistoerisme*. McCarthy is van mening dat albei begrippe 'n mens se gedagtes kan beperk weens die inhoud daarvan. *Erfenistoerisme* behoort breedvoerig gedefinieer te word. Met *erfenis* kan dan bedoel word erfenis self, soos geskiedenis en argitektuur. Met *landskappe* kan plattelandse, sowel as stedelike aspekte oorweeg word, insluitend die natuur. Die kunste omsluit musiek, skilder- en beeldhouwerk en die literatuur. Dan is daar ook sport, kookkuns, ontspanningsaktiwiteite, taal en gewoontes van inwoners en instellings.[12]

Sy beskryf *kulturele erfenis* as die sameloop van daaglikse gebeure, asook ou tradisies ten opsigte van sosiale, rasse- en godsdiensgewoontes. Hierdie tradisies word gewoonlik oor geslagte heen van een geslag na die ander oorgedra. Die oorsprong van 'n spesifieke tradisie kan dikwels nie meer bepaal word nie. Kulturele erfenis kan aan ses eienskappe gemeet word: eerstens behels dit gewoonlik 'n eenmalige, eiesoortige gebeurtenis, iets wat beweer is, wat nie herhaal sal word nie, 'n gebou wat onmoontlik gedupliseer kan word, terreine en artefakte. Tweedens het dit nie net te doen met geboue nie, maar in 'n meerdere mate met die mens se gevoel, emosie, reuk-ervaring en klanke. Derdens is daar 'n sameloop van gewoontes soos die soort kos wat geëet word, gebruike van medisyne, die wyse waarop mense mekaar groet, huwelike en begrafnisrituele. Vierdens is daar aspekte soos die rol wat die ekonomie in jou lewe speel, hoe jy werk en wat jy doen om

10 **Ibid**.
11 BB McCarthy, **Cultural tourism** (Oregon, 1992), pp. 2-4.
12 **Ibid**.

geld te verdien, hoe jy dit bestee, die dra van klere, en ook ervarings soos dans, drink, bestuur, treur, huil, aanbid en oorlogvoer. Vyfdens word gefokus op mense se gedrag teenoor mekaar, hoe hulle wen of verloor, hoe hulle lees, skryf, ontspan, asook faktore soos soorte kiste, musiekinstrumente, ensovoorts. Die laaste eienskap waaraan kulturele erfenis gemeet kan word, is elke gemeenskap of land (nasie) se begrip van tyd, ruimte, die wyse waarop hulle stories vertel, hulle argeologie, argitektuur, argiewe en die omgewing waarin hulle leef.[13]

Gedurende die tydperk toe toerisme-opleiding in Suid-Afrika nog heeltemal ongekoördineerd was, het 'n verhandeling oor opleiding vir toerismebestuurders in Suid-Afrika verskyn. Van die aanbevelings wat gemaak is, was dat aspekte soos toerisme en kultuur, toerisme en antropologie, toerisme en die kunste, toerisme en cuisine en toerisme en argitektuur in 'n kurrikulum ingesluit moes word.[14]

Dit was onbewustelik die oorsprong van gedagtes vir erfenistoerisme in Suid-Afrika. Gedagtig aan Ferreira *et al*. wat in 1987 die diskoers oor kultuurtoerisme in Suid-Afrika ingelui het, en Van As se verhandeling met 'n beperkte verwysing na erfenistoerisme, was dit die enigste bespreking oor kulturele-erfenistoerisme in Suid-Afrika.[15]

Hall en Zeppel het kuns- en erfenistoerisme in 1992 breedvoerig bespreek, asook Hall in sy boek wat dieselfde jaar verskyn het. Hulle beskou kuns- en erfenistoerisme as 'n vertakking van kulturele toerisme en beskryf dit as die beweging van mense hoofsaaklik vir kulturele doeleindes soos studietoere, opvoerings en die teater, die bywoon van feeste, besoeke aan monumente, besigtiging van natuurverskynsels en die meemaak van pelgrimstogte.[16]

Hulle beskryf *erfenistoerisme,* eerstens, as die romantisering van die verlede en die behoefte om ander kulture en landskappe te ervaar en te besoek. Tweedens beskou hulle erfenistoerisme as 'n eksperimentele ervaring deur kennis te maak met die natuur en deel te voel van die verlede. Deelname aan kuns, kultuur en erfenis is vir die toeris 'n manier om te ontsnap uit die alledaagse roetine, asook 'n verhoging van die indiwidu se sosiale status. Kortliks sê Hall en Zeppel dat *erfenis* beskryf kan word as kulturele tradisies en artefakte wat van die verlede geërf is. Hulle skryf ook dat erfenistoerisme se grootste hulpbron uit tasbare oorblyfsels uit die verlede bestaan, soos historiese geboue, argeologiese terreine, monumente en kulturele

---

13 **Ibid**.

14 MJS Jordaan, **Kurrikulering vir die opleiding van toerismebestuurders** (M.Dip. Tech., Kaapstad, 1992), pp. 104-5.

15 **Ibid**; Ferreira, pp. 8-9; M van As, **Stedelike bewaring: 'n Toerismewins**. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1990, p. 45.

16 CM Hall en B Weiler, **Special interest tourism** (New York, 1992), pp. 47-52.

artefakte wat in uitstallings en in museums besigtig kan word. In 'n opname deur die Wêreldtoerisme-organisasie oor watter soort toeristebestemming die meeste gedurende die somer- en wintermaande in Europa geadverteer word, het beide opnames kulturele uitstappies tweede uit tien verwante toerisme-aktiwiteite geplaas. Die grootste groeipunt ten opsigte van erfenistoerisme in Brittanje was die bou van museums op terreine waar argeologiese geskiedenis 'n groot rol speel, en selfs die interpretasie van die industriële geskiedenis. Dit is 'n aanduiding dat die toeris 'n ervaring ter plaatse wil geniet wat terselfdertyd ook van opvoedkundige waarde is. Soortgelyke ervarings ten opsigte van erfenistoerisme word in lande soos die Verenigde State van Amerika, Australië, China, Frankryk en Nederland ervaar.[17]

Dit was gedurende 1992 duidelik dat skrywers erfenistoerisme in 'n mate romantiseer. In 1993 is daar vir die eerste keer 'n duidelike waarskuwing gerig aan diegene wat erfenistoerisme bemark en ontwikkel. Hulle moes daarvan kennis neem dat die aanbieding en interpretasie van erfenistoerisme aan 'n toeris 'n wesenlik gevaarlike terrein is waarop beweeg word. Boniface *et al.* voel so sterk oor die aangeleentheid dat hulle benadruk dat erfenistoerisme 'n baie ingewikkelde en uiters gevaarlike terrein is.[18]

Hulle voer onder meer aan dat die huidige geslag 'n wandelende databasis is wat die verlede weergee en liedjies, resepte, gedagtes en geheuebeelde volgens die hedendaagse leefwyse oordra. 'n Rit in 'n luukse toerbus wat deur 'n onderontwikkelde landskap of gemeenskap ry en wat slegs 'n toergids as begeleier het, bied sy eie uitdagings en probleme ten opsigte van elke persoon se interpretasie - iets wat moontlik beïnvloed kan word deur die toergids se vertolking van die geskiedenis. Hulle verwys na die voorbeeld van hoe uiteenlopend die reaksie van 'n trekkerdrywer is wat 'n stuk land ploeg en 'n paar beendere of artefakte oopploeg, teenoor dié van 'n argeoloog wat saam met die trekkerdrywer is wat die ploegwerk doen. Die argeoloog sal waarskynlik die ploeëry dadelik wil stop, teenoor die trekkerdrywer wat waarskynlik bloot sal voortgaan om sy werk te voltooi. Hulle waarsku ook dat 'n toeris dikwels anders reageer en optree terwyl hy of sy 'n toeris is, as wanneer dieselfde persoon by sy huis of werksplek is.[19]

Prentice se siening oor massatoerisme is dat dit besig is om in verskillende soorte toerismes te verdeel, waarvan erfenistoerisme slegs een is. Hy is van mening dat die tipologie van erfenisbestemmings in 23 kategorieë ingedeel kan word. Prentice

17 **Ibid**.

18 P Boniface en PJ Fowler, **Heritage and tourism in "the global village"** (Londen, 1993), pp. 150-61.

19 **Ibid**.

se verdeling van erfenis-aantreklikhede fokus op historiese aantreklikhede wat op die natuur gegrond is, soos geologiese terreine en grotte. Aanloklikhede wat op die wetenskap gegrond is, sluit byvoorbeeld wetenskapsmuseums en tegnologiese sentrums in.[20]

In 'n artikel oor besoekerspatrone aan historiese geboue in Noord- en Suid-Wallis, verwys die navorsers na erfenistoerisme as die *nuwe* toerisme.[21] Die gebruik van die term "nuwe toerisme" kom vyf jaar nadat die term "erfenistoerisme" reeds die eerste keer deur die owerhede in Groot-Brittanje gebruik is.

In 'n daaropvolgende artikel oor die eienskappe van toeriste wat die erfenishulpbronne wel benut, gee die skrywers ook hulle eie siening oor wat *erfenis* is. Hulle beskou *erfenis* as die omskakeling van geskiedenis na 'n hedendaagse produk. Erfenistoerisme word tot historiese of geskiedkundige toerisme vereenvoudig. Hulle motivering vir die belangrikheid van navorsing oor die eienskappe van 'n erfenistoeris, is dat daar 'n lang, akademiese debat oor erfenistoerisme gevoer word, terwyl daar geen navorsing gedoen is oor die kenmerke van die betrokke toeris nie.[22]

'n Derde artikel, en wel deur die Vereniging vir Toegepaste Antropoloë in die Verenigde State van Amerika, handel oor die risiko's en toekennings wat met kulturele bewaring en erfenistoerisme gepaardgaan.[23] Hierdie navorsing dek al die slaggate waarop gelet moet word wanneer die onderwerp ontleed word. Die skrywer, self 'n antropoloog, vra wie kwalifiseer om leiding by erfenistoerismeprojekte te neem. Hy is van mening dat antropoloë en ander kultuurspesialiste gewis 'n bydrae tot erfenistoerisme kan maak. In dieselfde asem verwys hy ook na kulturele erfenisbewaringsprogramme. Hy maak dit duidelik dat daar 'n balans en harmonie gevind moet word tussen gasheer en toeris in kulturele erfenisprogramme. Die sukses van sodanige verhoudings word ook bepaal deur wie die gasheer is. Dit is nie raadsaam om 'n gasheer, 'n persoon of instansie van buite aan te stel, wat die gemeenskap nie net onaanvaarbaar vind nie, maar wat hulle ook met die reël van byvoorbeeld bepaalde soort feeste, totaal ignoreer. Die kritiese aspek is dat dit dikwels baie maklik is vir iemand buite die gemeenskap om inisiatief te neem en 'n erfenisprojek te loods, bloot om eie finansiële gewin.

20 CP Cooper en A Lockwood, **Progress in tourism recreation and hospitality management** (Chichester, 1993), pp. 309 en 314-5.

21 D Light, en RC Prentice, "Market-based product development in heritage tourism", **Tourism Management**, 15 Januarie 1994, pp. 27 en 34.

22 D Light en RC Prentice, **Who consumes the heritage produce** (New York, 1994), p. 90.

23 BJ Howell, "Weighing the risks and rewards of involvement in cultural conservation and heritage tourism", **Human Organization** 54/2, 1994, pp. 150-7.

Die vraag kan tereg gevra word: watter tradisie word deur erfenistoerisme-beplanners en ander kultuurbewaarders bewaar? Is dit iets wat die beplanners en bewaarders self skep, of is kulturele bewaring bloot 'n illusie? Antropoloë is geneig om burokratiese inmenging en die bemarking van 'n kultuur te beskou as net nog 'n soort imperialisme en as die kolonisasie van kulturele erfenistoerisme, omdat dit wêreldwyd 'n groeitydperk beleef.

Howell kom tot die gevolgtrekking dat daar slaggate bestaan vir die beoefenaars van kulturele erfenisprogramme, maar dat daar tog motivering is om steeds by sodanige aangeleenthede betrokke te bly. Die rede hiervoor is dat indien die beplanning sou voortgaan sonder etno-historiese navorsing en etnografiese begrip vir die plaaslike gemeenskap, 'n eindelose herhaling van stereotipering van die plaaslike gemeenskap ter wille van nasionale belang sal plaasvind.[24]

Gedurende 1996 het daar vir die eerste keer 'n artikel oor erfenistoerisme uit Nieu-Seeland verskyn. Die skrywers van die artikel maak die stelling dat die debat oor erfenistoerisme tot dusver hoofsaaklik vanuit 'n akademiese oogpunt bespreek is. Daar is nog geen eenstemmigheid oor wat *erfenistoerisme* is, of dit wel 'n afsonderlike verskynsel is nie en vanuit watter benadering dit bestudeer behoort te word nie.[25]

Die skrywers beskryf *erfenistoerisme* op vier maniere, waar die klem duidelik val op die waarde vir die toeris as verbruiker. Hulle is van mening dat erfenis en erfenistoerisme sonder die ondersteuning en belangstelling van die verbruiker (toeris) van min betekenis is.

Die vier beskrywings waarna hulle verwys, is, eerstens, die een van Prentice. Hy is van mening dat *erfenistoerisme* beskryf kan word as 'n reeks oorvleuelende en swak omskrewe bestemmings wat graag deur toeriste benut wil word vir die ervaring daaraan verbonde, en bemarkers van die erfenisproduk wat daaruit munt wil slaan. Die tweede beskrywing is dié van Yale wat glo dat *erfenistoerisme* 'n modegier is en niks meer is as die belangstelling van 'n toeris in historiese geboue, sommige kunswerke en mooi landskappe nie. Die derde is dié van Bonniface en Fowler wat van mening is dat erfenis geen intrinsieke waarde het nie en daarom ook nie 'n bestaansreg verdien nie. Hulle twyfel nie dat daar wel beendere en artefakte op verskeie plekke voorkom nie, maar meen dat dit iets bly wat net betekenis begin kry as die toeris 'n antropologiese waarde daaraan koppel. Hierdie terreine word dan besoek en talle besoekers of toeriste vertolk die ervaring volgens hulle

---

24 **Ibid**.

25 MJV Balcar, en DG Pearce, "Heritage tourism on the West Coast of New Zealand", **Tourism Management**, Vol. 17/3, 1996, p. 203.

persoonlike lewenservaring. Die skrywers se laaste voorbeeld is dié van Ashworth wat onomwonde beweer dat erfenis nie sonder die verbruiker, besoeker of toeris kan bestaan nie.[26]

Gedurende 1996 skryf Ashworth en Tunbridge, wat onderskeidelik Nederlandse en Kanadese akademici is, dat die woord *erfenis* aanvanklik bloot aangedui het wat 'n erfgenaam van byvoorbeeld sy of haar ouers geërf het. Vandag beteken die woord *erfenis* egter veel meer. Daar is vyf bykomende waardes wat tot die woord *erfenis* toegevoeg kan word. Enige voorwerp wat 'n geslag oorleef het, gevind word en dikwels belangrik genoeg geag word om in 'n museum uitgestal te word, word as 'n erfenisbate beskou. Die tweede toevoeging tot die betekenis is dat geboue en terreine wat uit die verlede dateer, nou ook as 'n erfenis tipeer word. Die derde sentreer rondom artefakte en kunswerke. Die skrywers glo dat veral kunswerke, al is dit deur die huidige geslag geskep, as 'n bydrae tot erfenis beskou word. Vierdens verwys hulle na die natuurlike faktor. Enige gedeelte van fauna en flora wat redelik ongeskonde is en 'n landskap wat spesiale bekoring inhou, word ook in die huidige debat as erfenis ingesluit. Die vyfde komponent is die toerismefaktor. Hulle dui aan dat toeriste wat in aspekte van die verlede belangstel, in die algemeen verwys na die erfenisbedryf. Bestemmings wat deur toeriste en besoekers besoek word en waarvoor geld betaal moet word, lei tot die kommersialisering van die erfenis.[27]

Daar kan ook gevra word watter gemeenskappe 'n erfenis kan deel. Die skrywers gebruik die voorbeeld van Jerusalem in Israel en die Jordaanriviergebied in die moderne tydvak - 'n gebied wat godsdienstiggewys deur die wêreld se grootste gelowe gedeel word, naamlik die Jode, die Protestante, die Islamiete en die Rooms-Katolieke. Terwyl die gebied of terreine op godsdienstige wyse gedeel word, vind gedissoneerde erfenis wel deur die jaar plaas en volgens elke groep se verskillende datums vir spesifieke gebeure. Vandag is Israel 'n Joodse staat waarin daar grotendeels Moslems leef.[28]

Hierdie navorsers beklemtoon ook die uiteenlopende ervaring van persone ten opsigte van erfenis. Dit is hierdie ervaringe wat elke persoon se toekomstige lewensankers bepaal. Die persoonlike erfenis rus op drie bene: emosie, simboliese waarde en die terrein ter sprake.[29] Hulle gebruik Kanada as voorbeeld waar die Kanadese owerhede van meet af aan hulself van die Verenigde State van Amerika probeer onderskei het. In Kanada is verskeie pogings aangewend om die Engels- en Franssprekendes as nasie saam te snoer, maar terselfdertyd aan elke groep soveel as

26 **Ibid**.
27 GJ Ashworth en JE Tunbridge, **Dissonant heritage** (New York, 1996), pp. 1-2.
28 **Ibid**., pp. 20, 31 en 54.
29 **Ibid**., p. 70.

moontlik erkenning te gee in die bou van monumente en standbeelde. Dit laat 'n drieledige vraag ontstaan: Bestaan daar maatstawwe vir die uitbou van 'n nuwe erfenis? Moet 'n multikulturele erfenis noodwendig 'n gelyke balans handhaaf en beteken dit dat 'n multikulturele gemeenskap 'n gemeenskaplike erfenis hoef te besit waarby ander of kleiner erfenisse dan gevoeg word? Kanada word weer as voorbeeld gebruik. Het die Kanadese bevolking, wat hoofsaaklik uit Engels- en Franssprekendes bestaan, 'n gemeenskaplike erfenis?[30] Suid-Afrika bevind hom in 'n byna soortgelyke situasie.

Die vraag en diskoers wat geïnisieer moet word, is of daar enige fasette van, onder meer, die Jordaan-familie is wat ten koste van ander gemeenskappe plaasgevind het. Die hipotese kan ook gestel word deur te vra hoe Suid-Afrika sou gelyk het sonder eers die Nederlandse en later Engelse regerings. Daar sou waarskynlik dan geen Groot Trek of Anglo-Boereoorlog gewees het nie en moontlik ook 'n veel kleiner Suid-Afrika in vergelyking met vandag se landsgrense. 'n Verdere bespreking wat gevoer kan word, is of die fisiese aanduiding van bepaalde erfenisnalatenskappe noodwendig tot nadeel en uitsluiting van 'n ander groep is?

Een van die weinige publikasies oor die rol van genealogie en geskiedenis het in die tydskrif van die Afrikaanse Letterkundige Vereniging verskyn. In dié artikel het Burger oor die geskiedenis in onlangse genealogiese romans geskryf. Hy wys onder meer op die verhouding tussen geskiedenis en die verlede as een van die probleemgebiede in die historiografie wat gedurende die tweede helfte van die vorige eeu al meer aandag begin trek het. Hy verwys ook na die doel en taak van 'n genealoog, naamlik "om die gewone mens te identifiseer, hom uit die massa uit te lig en hom terselfdertyd in die raamwerk van 'n familie- en gemeenskapsverband te plaas". Sy slotsom is dat genealogie die soeke na identiteit is, om sin te gee aan hierdie lewe en dat geskiedenis bloot die verwoording van die verlede is.[31]

Tydens 'n konferensie oor die toekoms van erfenistoerisme in Groot-Brittanje, agt jaar nadat daar die eerste keer deur owerhede oor erfenistoerisme gepraat is, word daar 'n paar gevolgtrekkings gemaak. Die eerste is in die vorm van 'n waarskuwing, naamlik dat mense moet ophou dink dat daar 'n natuurlike harmonie tussen erfenis en toerisme bestaan. Daar moet ook meer voorsiening gemaak word vir buitelandse besoekers en veral vir jonger kinders. Die erfenisbeoefenaars moet meer aandag aan verwagte toeristegetalle gee om sodoende proaktief te kan optree. Die laaste

30 **Ibid**., pp. 180 en 190-1.
31 W Burger, **Geskiedenis in resente genealogiese romans** (Pretoria, 1997), pp. 22-9; RTJ Lombard, **Handleiding vir genealogiese navorsing in Suid-Afrika**, (1997), p. 3.

gevolgtrekking was dat daar meer navorsing gedoen moet word oor die motivering, ervarings en tevredenheid wat erfenistoeriste en besoekers verwag.[32]

Goulding spreek in 1998 kommer uit dat om erfenis meer gewild te maak, daar hoofsaaklik aandag gegee word aan aspekte wat die meeste mense se aandag trek. Dit beteken dat faktore soos geslag, sosiale status en etnisiteit dikwels tydens aanbiedinge aan die toeriste ignoreer word. Sy verwys ook na 'n aspek waarvan die toerismebedryf moet kennis neem. Die akademiese debat oor kultuur- en erfenistoerisme duur al ten minste tien jaar lank. Die beroepe wat hierby betrokke is, is onder meer dié van historici, kurators, argeoloë, antropoloë en sosioloë. Entrepreneurs en toeroperateurs moet versigtig wees en nie maak asof hulle 'n nuwe toerismeproduk ontwikkel het nie. Die debat is deels gevoer oor die hele aangeleentheid van toeristebeheer en die toeganklikheid van terreine en museums. Die bewaring en interpretasie van die erfenisbronne en die beskerming van die gemeenskappe was ook nog steeds van kardinale belang.[33] Goulding is twee jaar later gesteun deur 'n opmerking dat dit nie vreemd is dat erfenistoerisme so in aanvraag by bemarkers is nie, omdat dit een van die winsgewendste fasette van die toerismebedryf geword het.[34]

Wat aktuele aspekte rakende toerisme-ontwikkeling betref, wys die skrywers daarop dat verskeie stede in Europa 'n ryke erfenis het en dus 'n toerismekomponent kan ontwikkel bloot om hulle erfenis. Hulle wys daarop dat hulle navorsing bepaal dat kulturele toeriste in drie kategorieë verdeel kan word.[35] Eerstens is daar die kultuurgerigte toeris. Sy beplanning van die toer is heeltemal kultuurgerig. Die tweede soort besoeker is die kultuurgeïnspireerde toeris, wat soms ook opportunisties kan voorkom, veral wanneer hy homself dalk op terreine bevind waarvoor hy nie beplan het nie. Die derde soort besoeker is die toeris wat belangstel in kulturele aspekte, en sy toer of vakansie gedeeltelik daarvolgens reël. Die skrywers beklemtoon ook die feit dat kulturele erfenis, veral waar geboue ter sprake is, 'n geleentheid vir ontwikkelaars skep om geboue-erfenis te laat herleef in gevalle waar dit verwaarloos is. Sodanige ontwikkelings bring weer nasietrots na vore en 'n eie identiteit wat moontlik aan die verdwyn was.[36] Die bestaan van hierdie drie soorte toeriste stem ooreen met die mening van 'n vorige skrywer wat meld dat

32 B Goodall, 1997. "The future for heritage tourism", **The Royal Geographical Society**, Vol. 163, 1997, pp. 243-4.

33 C Goulding, "The commodification of the past, postmodern pastiche, and the search for authentic experiences at contemporary heritage attractions", **European Journal of Marketing** 34/1, 1998, pp. 836-8.

34 P Hubbard en K Lilley, "Selling the past", **Journal of the Geographical Association**, 85/3, p. 221.

35 RW Butler en D Pearce, **Contemporary issues in tourism development** (Londen, 1999), pp. 90.

36 **Ibid**., pp. 91 en 108.

toeriste wat kulturele bestemmings besoek, nie noodwendig op ander maniere betrokke is by die bewaring van kulturele erfenis nie.

In dieselfde jaar verskyn 'n artikel wat die groei van kulturele en erfenistoerisme die afgelope dekade en langer met die oog op die nuwe millennium in oënskou neem. Die skrywer benadruk die hoeveelheid literatuur wat oor die onderwerp verskyn, terwyl daar net so indringend gewerk word aan kulturele en erfenistoerisme-beleide, -planne en -produkte. Hy beskryf "kultuurtoerisme" as die "beweging van mense na kulturele bestemmings weg van hulle alledaagse leefwêreld, met die doel om nuwe inligting en ervaringe op te doen wat hulle kulturele behoeftes sal bevredig". "Erfenistoerisme" beskryf hy "as kultuurtoerisme wat hoofsaaklik te make het met die geskiedenis (erfenis) van die verlede", of, soos hy dit ook stel, "die harde kulturele erfenis soos geboue, museums, monumente en landskappe wat in gespesialiseerde sentrums geïnterpreteer word".[37]

In 2001 verskyn 'n handleiding vir die Suid-Afrikaanse toerismebedryf wat uit 30 hoofstukke en 451 bladsye bestaan. Die boek bespreek al die fasette van die Suid-Afrikaanse toerismebedryf. Een van die hoofstukke se opskrif is *Kulturele hulpbronne*, waaronder museums en feeste bespreek word. Sestig Suid-Afrikaanse spesialiste en een Europese spesialis in hulle onderskeie beroepe het as mede-skrywers 'n bydrae tot die boek gelewer. Nie een van die spesialiste het in hulle onderskeie hoofstukke verwys na of melding gemaak van die konsepte kultuur, erfenis en/of kulturele erfenistoerisme nie.[38] Steeds in 2001 verskyn 'n artikel wat 'n waarskuwing rig oor die ontwikkeling van erfenis-inkopiesentrums in die Verenigde State van Amerika. Dit is sentra wat ontwikkel word in die postmoderne styl waar inkopiegangers die gevoel en nostalgie van die verlede kan beleef, sonder dat daar regtig iets van die verlede is om te ervaar. Hulle verbeelding word ook aangegryp vanweë die feit dat hulle met ou geld artikels koop. Die navorser waarsku veral daarteen dat die ontwikkelingsverbruiker deur 'n entrepreneuriese aanslag gedryf word. Dat sodanige sentra winsgewend mag wees, word nie betwyfel nie, maar daar is kommer oor die landskap en omgewing wat gekies word om in te pas by die erfenisgevoel, en dat dit juis die landskap kan bederf waarin die herinneringe van die verlede gesetel is.[39]

---

37 G Richards, "Tourism and the world of culture and heritage", **Tourism Recreation Research**, 25/1, 2000, p. 9.

38 MJS Jordaan (red.), **Tourism in South Africa** (Bloemfontein, 2001).

39 RG Atkinson, A Clark and CJA Mitchell, "The creative destruction of Niagra-on-the-Lake", **The Canadian Geographer**, 2001, pp. 285-6.

In die boek **The tourist gaze** wat ná twaalf jaar as 'n tweede en hersiene boek gepubliseer is, tref die skrywer in 2002 'n drieledige onderskeid wat erfenistoerisme betref.[40] Hy is van mening dat erfenisterreine in drie vertakkinge verdeel kan word: Eerstens is daar die terreine wat gekoppel kan word aan die romantisering van die verlede en waar groot groepe besoek aflê. Die tweede vertakking wil bepaal of die terrein van historiese belang is en of dit 'n moderne aanslag volg. Die derde groep wil onderskei of die terrein as 'n historiese korrekte tema geïnterpreteer word, al dan nie. Die skrywer gaan voort deur te verwys na die keuse van erfenisbewaring. Vir hom is dit nie 'n geval of die mens sy erfenis bewaar of nie, maar op watter wyse dit bewaar word.

Die grootste debat in Suid-Afrika met erfenis as sentrale tema is in Junie 2002 gehou, toe die tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap in Johannesburg aangebied is. Nie minder nie as 21 van die 34 referate wat gelewer is, het die term *erfenis* in hulle titel gehad. Soos in die geval van Groot-Brittanje is die debat hoofsaaklik deur akademici gevoer. Die onderwerpe het gestrek van geskiedenis en erfenis as vergelykende dissiplines, die uitvoer en oordra van erfenis, geskiedenis, erfenis en toerisme, wild- en omgewingserfenis, monumente as erfenisvoorstelling, erfenis en historiese navorsing, tot erfenis in die militêre en kultuurversameling.[41]

Wells gebruik nooit die woord *kultuur* of *erfenistoerisme* in haar bespreking nie. Sonder om die woorde by name te gebruik, is dit tog waarna ander skrywers verwys as hulle praat van monumente, argeologiese terreine en argitektuur. Die uitdaging wat sy aan historici stel, kan 'n bepalende faktor word wat betref die toekoms van historici. Dit blyk 'n aanduiding te wees dat, sou geskiedenis historici se keuse uit 'n puristiese oogpunt wees, hulle daaraan moet dink om die erfenisvertolkers onder hulle vlerk te neem en hulle sodanig te skool.[42]

Ritchie sluit haar referaat af deur te wys op 'n onlangse ervaring met die opbloei van die erfenisbedryf in Suid-Afrika. Sy verwys na voorbeelde soos die bou van die Gold Reef City-dobbelkompleks wat 'n 19de-eeuse goudmyngemeenskap weerspieël, die Grand West Casino wat 'n Distrik Ses-atmosfeer probeer skep, en die Monte Casino-kompleks wat 'n Italiaanse kleindorpie-atmosfeer vergestalt. Sy waarsku, soos Hewison, dat die gewilde wyse van erfenisskepping plek sal moet

40 J Urry, **The tourist gaze** (Londen, 2002), p. 94.
41 Erfenisskepping en navorsing: die herstrukturering van Historiese Studies in Suidelike Afrika. Tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap, Randse Afrikaanse Universiteit/Universiteit van Fort Hare, Johannesburg, 24-26 Junie 2002.
42 **Ibid**., p. 4.

maak vir 'n groter poging deur kultuurerfenis-instellings om die plaaslike en nasionale erfenishulpbronne te bewaar en vir Suid-Afrikaners toeganklik te maak.[43]

Die teenpool van Ritchie se waarskuwing kom egter voor in die referaat van Viney oor die kommersialisering van die Suid-Afrikaanse erfenis. Hy maak die stelling dat die groei en belangstelling in Suid-Afrika se erfenis die letter en gees van die huidige regering se beleid ten opsigte van die land se erfenis weerspieël. Die regering sien die land se geskiedenis as 'n erfenishulpbron en dat dit daarom as 'n ekonomiese groeipunt en toerismeproduk bemark moet word. Vrae wat as gevolg hiervan ontstaan, is: het die kommersialisering van die erfenis nie die geskiedenis verdraai soos die historici geruime tyd al gewaarsku het nie, en watter rol word aan die historikus toegeken om die erfenis te identifiseer en te help bestuur? Die kommer ontstaan ook of die geskiedenis van die land sy intrinsieke waarde verloor het en vervang moet word met die geskiedenis as erfenishulpbron.[44]

In 'n ander referaat behandel Kros onder meer die aspek van erfenis teenoor geskiedenis. Sy sien die kloof tussen erfenis en geskiedenis as oneindig breed.[45] Ongelukkig maak sy nie van al die inligting tot haar beskikking gebruik wat daarop dui dat erfenis 'n neweproduk van geskiedenis is nie. Sonder geskiedenis is daar nie 'n storie om in erfenisformaat aan te bied nie. Erfenis kan nie geskiedenis vervang nie. Die uitdaging vir die historici is om te besef dat hulle dissipline in die moderne wêreld 'n produk bygekry het waarmee hulle dissipline bemark kan word. Moontlik lê die geleentheid vir historici daarin dat dié wat voel dat hulle genoeg navorsing gedoen het en hulle eensame lewe wil verruil vir 'n meer uitdagende lewe, hulle hul navorsingsveld moet gebruik om die storielyn aan die publiek te bied.

Die laaste van die vyf referate, getiteld *Erfenis en toerisme in die 21ste eeu, is hulle ongemaklike bedmaats?,* sluit die gedeelte van 2002 af.[46] Grundlingh beskryf *erfenis* in sy referaat as 'n begrip wat nie met geskiedenis verwar moet word nie. Geskiedenis poog om deur middel van die waarheid te oortuig. Erfenis oordryf en vergeet gerieflikheidshalwe sekere aspekte. Tyd en 'n terugblik op die geskiedenis verander soms insigte. Die historikus kan egter nie opsigself die geskiedenis verander nie. Sy werk moet aan historiese norme en standaarde gemeet word. Erfenis is meer plooibaar en lê klem op die gedeelte van die verlede wat gerieflik is vir dié wat dit vertolk. Hy is van mening dat die kritiese vraag moet wees of toerisme,

---

43 **Ibid**., pp. 3-5.

44 R Viney, **"If it pays it stays": The law and the commercialisation of the past; the role of history, historians, and heritage** (referaat gelewer tydens tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap in Johannesburg, 24-26 Junie 2002), p. 1.

45 C Kros, "Heritage vs history: The end of a noble tradition?", **Historia**, 48/1, 2003, pp. 1-3.

46 L Grundlingh, **Heritage and tourism: Uneasy bedfellows or a happy marriage at the beginning of the 21st century in South Africa?** (referaat gelewer tydens tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Genootskap in Johannesburg, 24-26 Junie 2002), pp. 1 en 3.

enersyds, sonder erfenis kan voortgaan, maar andersyds, of erfenis sonder toerisme kan voortgaan? Hy waarsku, soos Ritchie, dat daar reeds erfenisprodukte in Suid-Afrika is wat skade berokken is as gevolg van kommersiële uitbuiting.[47]

Hierdie onderskeid tussen geskiedenis en erfenis bring die fokus terug na genealogie. Vanweë die feit dat genealogie dikwels meer konsentreer op genealogiese registers, stambome en grepe uit die geskiedenis, soos van toepassing op 'n spesifieke famlie of familielid, is dit duidelik dat genealogie 'n erfenis van die geskiedenis is. Hierdie voorstelling maak die begrip *erf van jou vader of moeder* weer soveel duideliker. Indien jy van iemand erf, erf jy fisiese of materiële items. Jy erf byvoorbeeld 'n motor en nie die pad waarop die motor ry of nog minder die toestand van die pad nie. Die motor is jou erfenis, terwyl die omstandighede van die pad geskiedenis is.

In die loop van 2003 is 'n mediaverklaring uitgereik waarin beweer is dat die Wes-Kaap meer as die helfte van Suid-Afrika se erfenisterreine huisves;[48] vandaar die Wes-Kaapse owerheid se besluit om in November 'n kongres onder leiding van *Toerisme Kaapstad* aan te bied om kultuurtoerisme te bespreek.[49]

Hierdie konferensie is opgevolg deur waarskynlik die eerste debat in die Suid-Afrikaanse pers oor erfenistoerisme. Die artikel in die **Die Burger** is geskryf deur George Hofmeyr, sekretaris van die bewaringsliggaam, *Erfenis SA*. Hofmeyr was ook die laaste Direkteur van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede. Hy verwys in die artikel na die Suid-Afrikaanse kultuur-erfenistoerismebedryf wat tans nog in sy kinderskoene staan. Hy dui ook aan dat die begrip erfenistoerisme egter in 'n toenemende mate aangewend word om die bedryf in kultuurhistoriese en argitektoniese konteks te beskryf.[50]

Hofmeyr wys daarop dat erfenistoerisme 'n nuwe dimensie en waarde tot die toerismebedryf voeg. Hy gebruik sy ervaring as geakkrediteerde kultuur-erfenistoerismegids in die Wes-Kaap deur daarop te wys dat die buitelandse toeriste wat op wyntoere gaan, ook ingelig wil word oor die argitektoniese, historiese en kulturele konteks van die Bolandse wynplase en hulle mense. Hierbenewens is dit veral vir oorsese toeriste belangrik om te weet waar die wortels van 'n gebied of streek se inwoners lê. Die artikel haal die filosoof, prof. Willie Esterhuyse, aan wat onder meer gesê het dat die geskiedenis van 'n land en sy mense, die vreugdes en

47 **Ibid**.
48 **Travel New E-info**, 25 September 2003, Western Cape home to half SA's heritage sites.
49 **Travel News Weekly**, 26 November 2003, Tourism conference to address cultural tourism.
50 **Die Burger**, Toekoms vir verlede (20 September 2003, Kultuur Kroniek).

pyn van daardie land, sy hoogtes en dieptes, nooit net in woorde en in boeke vertel kan word nie. Dit is 'n verhaal wat veral vertel word deur dít wat ons sigbaar nalaat.

Hofmeyr sê voorts dat daar 'n groeiende belangstelling in kultuurerfenisroetes onder Suid-Afrikaners is, veral in die ryke VOC- en Hugenote-erfenis en daaruitvloeinde Afrikaanse nalatenskap. Hy dui aan dat daar in Engels na sodanige roetes as *roots routes* verwys word.

Die artikel word afgesluit deur te verwys na die Britse seevaarder, sir Francis Drake, wat in 1580 in Tafelbaai geland het met die opmerking, "the most stately thing and the fairest Cape in the entire circumference of the earth". Hofmeyr se ervaring is dat dieselfde optimistiese gees as presies twee eeue gelede, ná die Britse teruggawe in 1803, tans heers. Toe is daar entoesiasties verklaar dat die Kaap nou weer letterlik en figuurlik Hollands is.[51]

In 2003 het 'n laaste artikel in **Die Burger** verskyn oor die Wes-Kaapse erfenis. Die artikel is geskryf deur die bekende skrywer van boeke oor die Kaapse argitektuur, dr. Hans Fransen. Hy wys daarop dat verskeie van Suid-Afrika se klein dorpies eintlik kerkdorpies is; vandaar sy kommer oor talle kerke wat in dorpe en stede gesloop is, sonder dat mense besef watter kulturele en argitektoniese skade aangerig is. Fransen gebruik die term *monumentebewaring*. Hy sê die begrip het reeds sy bestaan te danke aan sodanige verliese wat gely is en die feit dat kerke nie ingewy word om weer gesloop te word nie. Fransen beskou kerke as monumente.[52]

Op erfenisgebied is vyf mediaverklarings uitgereik oor die onderwerp *erfenis en toerisme*. In die eerste verklaring is 'n erfenisterrein vir Johannesburg aangekondig wat sinoniem was met die politieke stryd van die ANC, die amptelike regering sedert 1994. Die tweede verklaring behels 'n politieke verklaring deur die LUR van Kuns, Kultuur en Toerisme in Kwazulu-Natal. Die LUR het 'n beroep op die inwoners van die streek gedoen om hulle lewende erfenis te herdenk, terwyl hulle toerisme bemark. Hy het die stelling gemaak dat erfenis en toerisme dieselfde kant van die munt is. 'n Volgende mediaverklaring vanuit dieselfde streek vra nominasies in die volgende kategorieë aan ten opsigte van die bewaring van die Kwazulu-Natalse erfenis: beboude omgewing, argeologie en geskiedenis en dié van kennis van die inheemse stelsels. Voorts volg 'n mediaverklaring wat aankondig dat die Nasionale Kruger Wildtuin 'n kulturele erfenisterrein naby die Phalaborwa-hek gaan oprig in samewerking met die Makhushane-stam, wat oorspronklik op die terrein gewoon het. Die laaste mediaverklaring is in November uitgereik, waarin berig is dat die Minister van Kuns en Kultuur, Pallo Jordan, aangekondig het dat

51 **Ibid**.
52 **Die Burger**, "Is ons kerke eindelik veilig?" (Kultuur Kroniek, 5 April 2003).

die staat behulpsaam gaan wees met die oprigting van 'n Khoi- en San-toerismeroete in die Noord-Kaap, Wes-Kaap en ander dele van die land.[53]

Soos die diskoers oor kulturele erfenis en die belangstelling van die publiek in die kulturele erfenisnalatenskap toegeneem het, is hierdie faset van toerisme mettertyd in al hoe 'n groter mate betrek.

Hoewel die debat tans nog slegs in sy beginstadium is, is dit van die grootste belang dat die Suid-Afrikaanse regering in 'n groter mate hierby betrokke raak. Dit raak elke inwoner van hierdie land ten seerste en 'n ope debat moet aangemoedig word.

53 **Travel New E-info**: 23 November 2004, Khoi and San to get tourism route, 21 Junie 2004, Another heritage site for Jhb; 13 October 2004, Amafa/Heritage KZN calls for award nominations; 2 September 2004, Heritage and tourism important, says KZN minister; 4 November 2004, Community helps rebuild heritage site in Kruger; 23 November 2004, Khoi and San to get tourism route.